DOOPKURSUS BY STELLENBERG

Ons dink dikwels aan die doop as ‘n gebeurtenis, maar die doop is eintlik ’n lewenslange reis waartydens ons daagliks herinner word dat ons aan God behoort en dat hy elke oomblik van die reis saam met ons meemaak.

Met behulp van ‘n kort doopkursus begelei ons ouers om hulle doopbelofte op ‘n spontane en vreugdevolle wyse, daagliks uit te leef. Ons glo dat julle na afloop van die kursus dankbaar sal wees dat die doop van julle kind nie ’n leë seremonie uit gewoonte was nie, maar ’n werklike ontmoeting met die Here.

Die kursus bestaan uit een sessie van 1½ uur en begin stiptelik om 19.00 in die Komiteekamer (by die Kerkkantoor). Sien die datums op die registrasievorm. Dit is die gebruik dat voornemende doopouers, **voor** die doop van ’n baba, die doopkursus sal deurloop.

- Albei ouers moet teenwoordig wees.
- Ouers word vriendelik versoek om te reël dat iemand uit hul familie of vriendekring of andersins iemand uit hul omgeegroep, help om die kinders op te pas terwyl hulle die kursus bywoon.

Bid vooraf dat God dié geleentheid sal gebruik om julle as gesin aan te raak en vir die vestiging van ‘n nuwe perspektief rondom die uitlewing van julle geloof.

DIE DOOPBELOFTE

Geliefdes in die Here Jesus Christus,

U het gehoor dat die doop 'n Goddelike instelling is waardeur die Here sy verbond van genade aan ons en ons kinders waarborg en aan ons al die gawes van Christus skenk. Om te bevestig dat u die doop vir hierdie doel gebruik, en nie uit gewoonte, of bygelowigheid nie, moet u opreg op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste: Glo u dat God u kind op die naam geroep, sy eiendom gemaak en Homself verbind om lewenslank ‘n God vir u kind te wees?

Ten tweede: : Belowe u om u kind te leer van God Drie-enig, van die Vader se liefde en trou, van Christus se verlossing en heerskappy, en van die Heilige Gees se troos en leiding?

Ten derde: Verbind u u as gesin aan die Bybel, die verhaal van God wat op pad is met die mensdom en die wêreld, die verhaal waarvan jul gesin deel is?

Ten vierde: Verbind u gesin u aan die kerk, die gemeenskap waarbinne die Heilige Gees u inoefen in ‘n lewe van geloof, ‘n lewe onder Jesus se heerskappy en ‘n lewe in diens van God se nuwe wêreld?

DOOPREGISTRASIE INLIGTINGSTUK

Ons is saam met u opgewonde oor die doop van u kind. Neem asseblief kennis van die volgende:

- Een van die ouers / voogde se lidmaatskapsertifikate moet in ons gemeente se besit wees (as u van ons gemeente is).
- Die doopregistrasievorm moet asb. **VOOR DIE 3 DE VAN DIE MAAND wat die doopdatum voorafgaan** by die Kerkkantoor ingehandig word, vir aandag: Odette Basson.
- Die doopplegtigheid is gewoonlik die eerste Sondag van die maand om 09:00 in die KERK.
- Kontak u **wykspredikant** vir 'n gesprek nadat die vorm voltooi is.
- **Maak seker dat u die doopkursus deurloop het voor die doopplegtigheid.** Die afspraak met u wykspredikant **(u reël self die afspraak)** moet dan afgehandel wees en lidmaatskapsertifikate van een van die ouers moet reeds in ons besit wees.

Stuur asb. 'n **FOTO VAN DIE DOPELING** aan lidmate@stellenberg.co.za. Dit moet **saam met die registrasie ingedien** of ge-epos word. Gesinsfoto's is ook welkom – so hou ons die databasis op datum.

INDIEN U AS 'N STELLENBERG-LIDMAAT BY 'N ANDER GEMEENTE WIL DOOP

Nadat die doopkursus afgehandel is, sal die kerkkantoor 'n brief voorberei waarin toestemming gegee word dat u baba by 'n ander gemeente gedoop kan word. Die brief word saam met die doopregistrasievorm aan die betrokke gemeente gestuur.

INDIEN U AS LIDMAAT VAN 'N ANDER GEMEENTE (MET TOESTEMMING) BY STELLENBERG WIL DOOP

- U voltooi NG Kerk Stellenberg se doopregistrasievorm en e-pos 'n foto van die baba na lidmate@stellenberg.co.za. Indien u lidmaatskap by Stellenberg is, maar u verhuis het, moet u by u nuwe gemeente aanmeld, hulle vra u lidmaatskap aan, die nuwe gemeente se predikant doen die doopkursus en gee toestemming dat u hier mag doop. Stuur brief aan lidmate@stellenberg.co.za of faks na 086 683 7524.
- Indien u nie lidmate van NG Kerk Stellenberg is nie, moet die predikant van u eie gemeente 'n doopgesprek met u voer, wat dan op sy beurt dit bevestig en skriftelik toestemming verleen dat u die baba in ons gemeente mag doop. Faksnommer: 086 683 7524.
- Die nodige vorms en toestemmingsbrief moet verkieslik 4 weke voor die doopplegtigheid reeds in ons besit wees. Sou die doopkategese eers later plaasvind, moet die doopregistrasie solank gefaks word.
- Indien u in die buiteland woon, moet die gemeente waar u inskakel, vir ons 'n brief skryf om te bevestig dat u meelewende lidmate van die spesifieke gemeente is.

Ds. Marius Breytenbach 082 376 6053
Ds. Bremer Gericke 073 211 2130
Ds. Callie Visagie 083 231 4966
Ds. Why Duvenhage: 082 570 5931
Dr. Braam Hanekom: 083 302 8639